

### 11.1.3 APPÈL BR HG KRUGER TEEN 'N BESLUIT VAN SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR DIE AFBEELDING VAN CHRISTUS (Artt 11, 12, 116, 203)

Die Sinode gaan in camera.

- A. Br HG Kruger stel die Appèl.
- B. Geen toeligting van die Partikuliere Sinode nie.
- C. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
- D. **Besluit:** Verwys na Appèlkommissie (Kommissie 2).
- E. Ds RA Bain rapporteer namens die Appèlkommissie.
- F. Geleentheid word gegee vir repliek deur die appellant.
- G. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Partikuliere Sinode.
- H. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Appèlkommissie.
- I. Die afgevaardigdes van die Suidelike Partikuliere Sinode neem nie aan die stemming deel nie.

#### F. APPÈL

Die volgende stukke is aangeheg by die Appèl:

**Bylae 1:** Kennis van die Appèl.

**Bylae 2:** Uittreksel van die Notule van die Suidelike Partikuliere Sinode (1996) oor Christusafbeeldings.

**Bylae 3:** (a) Klassis Boland se besluit oor 'n Appèl op Klassis Boland 2005 insake Christusafbeeldings wat onskriftuurlik is (art 16.1).

(b) Die Appèl van die Kerkraad Stellenbosch teen Klassis Boland se besluit (art 16).

(c) My beswaar teen die besluit van die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 (art 17) en

(d) die antwoord van Suidelike Partikuliere Sinode November 2005 op my beswaar (art 29).

**Bylae 4:** Uittreksels uit Klassis Boland 2004 se Notule oor Christusafbeeldings.

**Bylae 5:** Appèl op Klassis Krokodilrivier 2005.

**Bylae 6:** Brief van Kerkraad Middelburg-Noord aan my.

**Bylae 7:** Referaat gelewer tydens die Sewende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, September 2004, Stellenbosch.

Hierdie Appèl is gewysig nadat ek die vorm van die oorspronklike Appèl (1 Desember 2005) met 'n predikant bespreek het en sy waardevolle insette my in staat gestel het om die regskenking wat ek wil aantoon, moontlik duideliker uit te wys. My opregte dank aan hom. Ek het ook intussen die geleentheid gekry om 'n verwante Appèl uit die Suidelike Partikuliere Sinode te bestudeer en daarvan idees wat van toepassing is, geleen het.

#### 1. Verloop

- 1.1 Klassis Burgersdorp het reeds in 1991 gewaarsku dat die praktyk van afbeeldings van Christus 'n bedreiging inhou vir God se eer (2e Gebod). In hulle Beskrywingspunt voorsien hulle reeds dat die praktyk kan oorspoel van die toe steeds buitekerklike arena, na die binnekamer van die GKSA. Die

Beskrywingspunt word terugverwys en word uiteindelik in 1996 behandel (Bylae 2, vgl art 17.1.1-3; art 17.8; 17.9).

- 1.2 Die Partikuliere Sinode stel 'n Kommissie aan om die vergadering te adviseer oor die Beskrywingspunt. Die Kommissie stel voor (17.9.1) dat die Beskrywingspunt gewysig moet word om slegs afbeeldings van Christus af te wys en dat "Die Suidelike Partikuliere Sinode waarsku kerke teen die verkeerde gebruik van Bybelse drama soos met die Passiespele op grond van die Tweede Gebod (vgl HK, So 35) en met inagneming van onderstaande studiestukke". Die Rapport beveel ook aan dat 'n skrywe aan die kerkverband gestuur word om te waarsku teen Christusafbeeldings (17.9.2) en dat die redaksie van *Die Kerkblad* gevra word om 'n uitgawe aan die saak te wy (17.9.3).
- 1.3 Die Partikuliere Sinode (1996) gee nie gevolg aan die gewysigde Beskrywingspunt nie. Dit mag dalk verskoonbaar wees dat Suidelike Partikuliere Sinode 1996 op daardie stadium nie Burgersdorp se oproep tot waarskuwing (vgl Eseg 3:17-21) aanvaar het nie, omdat die meerderheid moontlik van mening was dat die euwel van Christusafbeeldings nie sou oorspoel na die binnekamer van die GKSA nie.
- 1.4 In die jongste tyd en in die **binnekamer** van die GKSA begin predikante eers voorbrand maak daarvoor dat Jesusfilms en opvoerings aanvaarbaar is en daarna neem steek hulle die Rubikon oor:
  - 1.4.1 Vgl die briewe aan die *Vroueblad* (CJ Smit – Apr en Jun 2001; CJ Smit – Nov 2003) en *Die Kerkblad* (Mei 2004, Aug 2004 en Okt 2004) gelees kan word. Argumente dat Christus se mensheid wel afgebeeld mag word het intussen versprei en word nou deur leraars van die Gereformeerde Kerk openlik verkondig (vgl oa die brief van Dr Peet Vermeulen, *Die Kerkblad* – Aug 2004).
  - 1.4.2 In Krokodilrivier preek 'n predikant van die preekstoel af (23 Mei 2004 – Bylae 6) dat die Skrif en ons Belydenis nie bots met afbeeldings van Christus se menslike natuur nie. Voorts dat die afbeelding van Christus 'n middelmatige saak is waaroor die Skrif nie duidelik uitspraak lewer nie. Hy beweer ook dat daar twee standpunte oor die eeue in die Kerk oor die saak is "want die Bybel is daaroor eenvoudig nie duidelik nie."
  - 1.4.3 Tydens die behandeling van my Beswaarskrif op die Suidelike Partikuliere Sinode appelleer die Kerkraad van Stellenbosch teen 'n besluit van Klassis Boland wat bevind het dat Christusafbeeldings teen die Skrif en Belydenis bots. Die Kerkraad van Stellenbosch stel hulle voornemens, om die huidige praktyk van 'n plakkaat wat Christus afbeeld voort te sit, openlik in hulle Appèl op skrif: "Die Kerkraad bevestig dat hy sal voortgaan om die plakkaat as evangeliseringshulpmiddel te ondersteun" (Bylae 3b – art 16.2.2).
  - 1.4.4 In gesprekke met twee verskillende predikante wat Christusafbeeldings goedkeur word gestel dat 'n professor aan die Teologiese Skool Christusafbeeldings steun. Daar word ook van die preekstoel af verkondig dat daar werke van behoudende Gereformeerde teoloë is wat Christusafbeeldings steun.
  - 1.4.5 Middelburg-Noord skryf aan my dat "Die Kerkraad het bevind dat die artikel asook die film geensins 'n oortreding van die Tweede Gebod van die Tien Gebooe is of teenstrydig met Sondag 35 van die Heidelbergse Kategimus nie. Die Kerkraad beskou u skrywes rondom die saak as 'n oënskynde poging om 'n skeuring in die Kerk te veroorsaak en sal toekomstige korrespondensie rakende die aangeleentheid met dieselfde beskouing hanteer" (Bylae 7).

- 1.5 Klassis Boland (2004) neem 'n kompromisbesluit tipies aan die huidige praktyk in die GKSA<sup>1</sup> wat nie op grond van die Skrif geneem is nie (Bylae 3 – art 45.3):  
 “45.3.1 Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word of nie.”  
 “45.3.2 Die hantering van hierdie en derglike hulpmiddels in evangelisasie word aan die verantwoordelikheid van die wat daarby betrokke is oorgelaat.”  
 “45.3.3 Indien die hulpmiddels wel gebruik word, moet dit met omsigtigheid aangewend word in diepe verantwoordelikheid voor God.”
- 1.6 Bogenoemde dubbelslagtige besluit is nie op Skrifgronde gebaseer nie en word as hoofrede deur die Partikuliere Sinode as tegniese verskoning gebruik om 'n Klassisbesluit oor Christusafbeeldings wat op die Skrif gegrond is te vernietig! (Vgl die Appèl van T Satlegger op Sinode 2006.)
- 1.7 Kerkraad Stellenbosch beroep hom ook op 'n vorige Klassisuitspraak dat “die bevinding van die Klassis dat daar duidelik twee uiteenlopende standpunte oor die gebruik van die Jesus-film bestaan, wat saamhang met die verstaan van die 2de Gebod: (1) Geen afbeelding mag van Jesus gemaak word nie, en (2) Jesus mag afgebeeld word solank die afbeelding nie vereer word nie.”

**Konklusie oor die situasie in die GKSA oor Christusafbeeldings:**

- 1.8 Ons kan tot die konklusie kom dat Klassis Burgersdorp se waarskuwing van 1991 gewis profeties was omdat dit duidelik is dat meer en meer stemme in die **binnekamer** van die GKSA opgaan wat geen spanning tussen Christusafbeeldings en die 2e Gebod ervaar nie.
- 1.9 Die Suidelike Partikuliere Sinode krenk eerstens God se reg deur te swyg as daar so 'n chaotiese wanorde in die kerke heers en tweedens my reg om effektief te getuig teen Christusafbeeldings. Ek mag nie anders as om daarteen te getuig nie want God gaan my naaste se bloed van my eis (vgl Eseg 3:20,21) as ek nie my roeping om te waarsku nakom nie.
- 1.10 Ondergetekende staan dan ook nie onverskillig teenoor ons verantwoordelikheid om studie te doen oor die saak nie en om God se Wil soos dit vir ons in die Woord opgeskryf is na te vors nie. Aanheg is 'n referaat wat tydens 'n Calvynkongres gelewer is (Bylae 8). 'n Verkorte weergawe van die referaat is ook in *Waarheid en Dwaling* gepubliseer (Okt 2005).

**Gronde waarop die part sinode my beswaarskrif afgewys het:**

- 1.11 Die gronde waarop die hoofdeel my beswaar afgewys word is: (a) “Die beswaarde bly in gebreke om oortuigend aan te toon dat die besluit om nie uitvoering te gee aan die Beskrywingspunt neerkom op die krenking van reg” (Bylae 3 – art 29.3.2.2.1) en (b) “Dit is nie die taak van die Partikuliere Sinode om hom oor elke saak uit te spreek nie. Die Belydenis van die kerke is reeds sodanige getuienis. Deur nie op 'n bepaalde wyse getuienis te lewer nie, beteken nie dat geen getuienis (op ander maniere) gelewer word nie. Die Klassis het immers reeds oor hierdie saak getuig” (Bylae 3 – art 29.3.2.2.2).
- 1.12 **Uittreksel van die besluit waarteen geappelleer word:** (Handelinge Suidelike Partikuliere Sinode 2005, art 29 – Bylae 3).  
 “3.2.3.3 Aanbeveling: Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.” “Besluite: Punt 3: Goedgekeur” (met verwysing na art 29:3).

<sup>1</sup> Vgl die besluit oor die nagmaal (Sinode 2000 en 2003) en die harwar wat dit in *Die Kerkblad* ontketen het en steeds veroorsaak.

## 2. Gronde van beswaar teen die besluit

### 2.1 Eerste beswaargrond

Omdat fisiese Christusafbeeldings/Jesusfilms Christus se reg onder die beginsels van die Skrif en die 2e Gebod krenk, (b) mag ons<sup>2</sup> in gehoorsaamheid aan die Skrif (vgl Eseg 2:4, 7; 3:4, 11; Matt 5:13-16 ens) nie anders as om te waarsku teen Christusafbeeldings nie. (c) Omdat God ons naaste se bloed van ons gaan eis (vgl Eseg 3:20,21) as ons nie daarteen waarsku nie krenk die Suidelike Partikuliere Ssinode reg ingevolge die beginsels van Eseg 3:20,21 asook die beginsels vervat in KO, artt 16, 23, 55 en NGB, art 30.

### 2.2 Motivering

#### 2.1.1 (a) Fisiese Christusafbeeldings/Jesusfilms krenk Christus se reg onder die beginsels van die Skrif en die 2e Gebod:

2.1.1.1 Volgens die 2e Gebod (Eks 20:4,5; HK, v/a 96, 97) mag God op geen manier afgebeeld word nie. Christus is ook ware God (NGB, artt 8,10) en mag daarom nie afgebeeld word nie.

2.1.1.2 Die 2e Gebod bevat twee elemente: (a) *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie* EN (b) *ons mag Hom op geen ander manier vereer as wat Hy is sy Woord beveel het nie*. Beide hierdie elemente/beginsele geld gelyktydig en selfstandig, soos deur die “EN” in die Heidelbergse Kategismus aangedui. (HK, v/a 96, Commentaries on Ex 20:4, p69 – THE JOHN CALVIN COLLECTION, AGES SOFTWARE ® , INC. · Rio, WI USA ·© 2000.) Beeldediens is nie ‘n voorwaarde wat moet geld om die eerste element [sien (a) hierbo] van die 2e Gebod eers geldig te maak nie.

2.1.1.3 Asof dit nie duidelik genoeg behandel is nie stel die Kategismus voorts: “God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.” (HK, v/a 97).

2.1.1.4 Buiten dat die 2e Gebod afbeeldings van Christus as God verbied, gee God in die Skrif aan ons duidelike riglyne dat ons nie liggaamlik aan Hom moet dink nie, maar eerder deur die verkondiging van die Woord geestelik aan Hom moet dink. (HK, v/a 98; 2 Kor 5:16, Rom 8:1; Rom 8:9; Commentaries on Ex 20:4, p68, 69; Commentaries on Deut 4:12, p80; Commentaries on Gal 3:1, p65-67; Commentaries on Col 2:9, p46 – THE JOHN CALVIN COLLECTION, AGES SOFTWARE ® , INC. · Rio, WI USA ·© 2000, SERMONS ON GALATIANS by John Calvin, Sermon 9, Gal 3:1-3, p227; SERMONS ON GALATIANS by John Calvin, Sermon 24, Gal 4:1-4, p352,3.)

2.1.1.5 Die beginsels oor Christusafbeeldings wat deur die Skrif afgewys word, word ook beskryf in Prof De Bruyn se boek (PJ De Bruyn, Die Tien Gebooie, 1993:74,75). ‘n Referaat van ondergetekende (Bylae 8) wat onlangs in *Waarheid en Dwaling* opgesom is (Okt 2005), is aangeheg. Daarin word die Skrifbeginsels wat Calvyn gebruik om Christusafbeeldings af te wys, bespreek.

#### 2.1.2 (b) Ons<sup>3</sup> mag in gehoorsaamheid aan die Skrif (vgl Eseg 2:4, 7; 3:4, 11; Matt 5:13-16 ens) nie anders as om te waarsku teen Christusafbeeldings nie:

2.1.2.1 Ons het ‘n roeping en opdrag van God om te preek (vgl Eseg 2:4, 7; 3:4, 11) en te waarsku (Eseg 3:17-21) itv God se Wil (wat ook sy Wet – 2e Gebod oor Christusafbeeldings insluit). Christus self gee ons opdrag om sout vir die wêreld

<sup>2</sup> Hierby sluit ek myself, die kerke wat Klassis Burgersdorp, Suidelike Partikuliere Sinode en Sinode 2006 vorm in.

<sup>3</sup> Hierby sluit ek myself, die kerke wat Klassis Burgersdorp, Suidelike Partikuliere Sinode en Sinode 2006 vorm in.

te wees en sy Lig te laat skyn (Matt 5:13-16 ens). Dit is God se opdrag aan ons en ek kan nie anders as om te waarsku nie.

- 2.1.3 (c) *Omdat God ons naaste se bloed van ons gaan eis (vgl Eseg 3:20,21) as ons nie daarteen waarsku nie krenk die Suidelike Partikuliere Sinode reg ingevolge die beginsels van Eseg 3:20,21 asook die beginsels vervat in KO, artt 16, 23, 55 en NGB, art 30.*
- 2.1.3.1 Eseg 3:20, 21 – “En as ’n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek ’n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die regverdige waarsku, dat die regverdige nie moet sondig nie, en hy sondig nie, dan sal hy sekerlik lewe, omdat hy hom laat waarsku het; en jy het jou siel gered.”
- 2.1.3.2 As iemand afwyk van God se gebooië, doen sodanige persoon onreg voor God. Afbeeldings van Christus soos Jesusfilms is in botsing met die 2e Gebod (vgl die eerste deel van die Appèlgrond). Daarteen moet ons waarsku soos God ons in Eseg 3:20, 21 en Matt 5:13-16 beveel.
- 2.1.3.3 KO, art 16 wil dat die bedienaars moet toesig hou oor mekaar asook om die kerklike dissipline te handhaaf. As medebedienaars van Christus afwyk van die ware Leer oor die 2e Gebod is individue en kerklike vergaderings geroepe om te vermaan en uiteindelik dissipline te handhaaf.
- 2.1.3.4 Dieselfde beginsel word deurgetrek na die ouderlinge toe in KO, art 23. KO, art 55 beskerm die ware leer en roep die ouderlinge op om daarvoor waak en afdwalings te weerlê. NGB, art 30 vat dit alles saam deur opdrag te gee dat die een raad van God op ’n geestelike wyse moet regeer en die ware leer moet uitdra en die oortreders op ’n geestelike wyse moet vermaan.
- 2.1.3.5 My Beswaarskrif op Partikuliere Sinode 2005 was ’n poging om die beginsels ( Eseg 3:20, 21, KO, art 16, 23, 55 en NGB, art 30) uit te dra en te waarsku teen afwykings tov die ware Leer van God oor die 2e Gebod. Omdat die Partikuliere Sinode die Beswaarskrif afwys, word my reg onder bg beginsels gekrenk.

## **J. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Oorweeg die Appèl van br HG Kruger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskenking plaasgevind het.

**Besluit: Kennis geneem.**

### **2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem**

#### **2.1 Werkswyse**

2.1.1 Die betrokke Appèlskrif met sy Bylaes is bestudeer.

2.1.2 Die appellant en toeligter is aangehoor.

#### **2.2 Relevante feite**

2.2.1 In 1996 dien ’n Beskrywingspunt van Klassis Burgersdorp by die Suidelike Partikuliere Sinode rakende die afbeelding van Christus. Hierdie Beskrywingspunt word verwys na ’n Kommissie van die Partikuliere Sinode. Die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 aanvaar nie sy Kommissie se Rapport wat handel oor die Beskrywingspunt nie en gee daarom ook nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg nie.

- 2.2.2 Br Kruger stel dat hierdie saak in die afgelope tyd aktueel geraak het en dat die Beskrywingspunt van Klassis Burgersdorp in besonder van belang is vir hierdie hele kwessie, aangesien daar verbroekeling in die kerkverband is tov die verstaan en belydenis rondom die 2de Gebod.
- 2.2.3 Daarom maak br Kruger beswaar teen die besluit van die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 by die Suidelike Partikuliere Sinode 2005 met die doel dat daar wel aan die betrokke Beskrywingspunt as 'n getuienis gevolg gegee moet word.
- 2.2.4 Die beswaar rig hom veral daarteen dat die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 nie die geleentheid gebruik het om dmv hierdie Beskrywingspunt te getuig nie.
- 2.2.5 Hierdie beswaar van br Kruger dien by die Appèlkommissie saam met 'n Appèl van die Kerkraad van Stellenbosch rakende die afbeelding van Christus.
- 2.2.6 Die Partikuliere Sinode handhaaf nie br Kruger se beswaar nie, aangesien die Partikuliere Sinode oa van oortuiging is dat die Partikuliere Sinode hom nie oor elke saak kan uitspreek nie. Die Belydenis van die kerke reeds sodanige getuienis is en dat daar nie noodwendig op hierdie bepaalde wyse deur die vergadering getuig hoef te word nie. Die Partikuliere Sinode voer verder aan dat die Klassis immers reeds oor hierdie saak getuig het. Geen aanduiding word gegee van watter Klassis betrokke is nie.
- 2.2.7 Br Kruger teken Appèl aan by die Nasionale Sinode 2006 rakende hierdie besluit van Suidelike Partikuliere Sinode 2005.

**Besluit: Kennis geneem.**

### **3. Die Sinode besluit**

#### **3.1 *Eerste Appèlgrond***

“Omdat fisiese Christusafbeeldings/Jesusfilms Christus se reg onder die beginsels van die Skrif en die 2de Gebod krenk, (b) mag ons in gehoorsaamheid aan die Skrif nie anders as om te waarsku teen Christusafbeeldings nie. (c) Omdat God ons naaste se bloed van ons gaan eis as ons nie daarteen waarsku nie krenk die Suidelike Partikuliere Sinode reg in gevolge die beginsels van Eseg 3:20,21 asook die beginsels vervat in KO, artt 16,23,55 en NGB, art 30”.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **3.1.1 Beredenering**

In die inleiding van die Appèlskrif (1.9) voer die appellant die volgende aan: “Die Suidelike Partikuliere Sinode krenk eerstens God se reg deur te swyg as daar so 'n chaotiese wanorde in die kerke heers”.

Dit is verder duidelik vanuit die inleiding van die Appèlskrif dat die appellant besorg is oor die onduidelikheid oor hierdie saak binne die Suidelike Partikuliere Sinode, aangesien Klassis Burgersdorp se Beskrywingspunt en Klassis Boland 2004 se besluite oor hierdie aangeleentheid nie versoenbaar is nie.

Die appellant toon aan dat Christus nie afgebeeld mag word nie en voer dan verder aan op grond van Eseg 2:4,7;3:4,11,17-21 en Matt 5:13-16 dat die kerk geroep word om te waarsku en om 'n lig te wees in die wêreld. Daarom meen die appellant dat die Partikuliere Sinode sy reg gekrenk het aangesien hulle hom en andere in die weg gestaan het om op grond van die aanvaarding van hierdie Beskrywingspunt te waarsku teen die afwykings van die Tweede Gebod. Verder redeneer hy dat die kerk geroep word om die ware leer as 'n eenheid uit te dra in terme van NGB, art 30. Die kerk moet ook in terme van KO, artt 16, 23, 55, die onderlinge dissipline handhaaf.

Vanuit die Partikuliere Sinode se Kommissierapport word dit egter duidelik dat die Appèlkommissie genoemde Beswaarskrif byna soos 'n Appèl hanteer het. Die Kommissie wys die beswaar af sonder om 'n beredenering van die Beswaargronde itv Skrif, Belydenis en Kerkorde in hulle Rapport weer te gee. Dit was van belang dat die Kommissie die Beswaargronde deeglik sou beantwoord vanuit Skrif, Belydenis en Kerkorde.

Wanneer die Partikuliere Sinode 'n Appèlkommissie aanwys wat die Appèl van Stellenbosch en die Beswaarskrif van br Kruger hanteer, neem die Kommissie twee sake aangaande die 2de Gebod in behandeling wat in vertrekpunt/uitkoms van mekaar verskil. Die betrokke Appèl beroep hom op die besluit van Klassis Boland 2004 en die betrokke Beswaarskrif het die besluit van Klassis Burgersdorp 1996 ten grondslag. Hierdie twee Klassisse se uitgangspunte verskil van mekaar rakende die afbeelding van Christus.

Die Appèlkommissie van Suidelike Partikuliere Sinode 2005 redeneer oa dat die Partikuliere Sinode nie noodwendig op 'n bepaalde manier (dmv die betrokke Beskrywingspunt) hoef te getuig nie, aangesien die Klassis reeds getuig het. Die vraag ontstaan na watter Klassis se getuienis die Appèlkommissie van die Partikuliere Sinode hier verwys, aangesien daar binne die ressort van die Suidelike Partikuliere Sinode verskillende Klassisbesluite en gevolglike getuienisse oor die aangeleentheid is (Klassis Burgersdorp 1996 en Klassis Boland 2004).

Die Partikuliere Sinode se Appèlkommissie redeneer in effek dat daar genoegsame duidelike getuienis is, terwyl daar in werklikheid geen duidelikheid bestaan oor watter getuienis geld nie. Die toedrag van sake word te weeg gebring deurdat die Partikuliere Sinode die betrokke Appèl, wat op Klassis Boland 2004 se besluit berus laat slaag, maar die Beswaarskrif nie handhaaf nie.

Juis omdat daar verskillende getuienisse in die ressort van die Partikuliere Sinode is word die roeping om te getuig en te waarsku oor hierdie saak van kardinale belang.

**Besluit: Kennis geneem.**

**3.1.2 Bevinding**

Bogenoemde beredenering toon aan dat daar wel regskenking plaasgevind het, a) omdat die Partikuliere Sinode nie 'n beredenering van die Beswaargronde in terme van Skrif, Belydenis en Kerkorde weergegee het nie, b) en dat die Partikuliere Sinode se verdraagsaamheid teenoor die verskillende uitgangspunte binne die Partikuliere Sinode (Klassis Boland 2004 en Klassis Burgersdorp 1996) die eenheid in getuienis aangaande die 2de Gebod aan bande lê. Dit dra tot verwarring by en staan die appellant en kerk se roeping tot waarskuwing en getuienis langs die weg van 'n Skrifgegronde Beskrywingspunt in die weg.

**Besluit: Kennis geneem.**

**3.1.3 Aanbeveling by Eerste Appèlgrond**

Die Appèl slaag op hierdie grond.

**Besluit: Goedgekeur.**

#### **4. Aanbeveling**

Die Appèl slaag in sy geheel.

**Besluit: Goedgekeur.**

Die Sinode gaan uit camera.